Sake24

Maandag 13 Julie 2009

Internet-adres: www.sake24.com
e-pos-adres: ..... sake@sake24.com
☎ Johannesburg 011 713 9000
☎ Pretoria: 012 424 6000
☎ Kaapstad 021 406 2121
☎ Port Elizabeth: 041 503 6111
☎ Bloemfontein: 051 404 7600



G8-klub se eksklusiwiteit haal hom nou in ||

Anglo móét trou, maar Xstrata is rou-materiaal ||



Vir die jongste sakenuus, besoek www.sake24.com

SAARLIK

Pryse vir vullens nael stadiger

Die pryse wat vir jaaroud vullens op die Sibaya-jaarlingskou behaal is, is wel swakker as verlede jaar, maar beter as dié op internasionale veilings.

Mnr. Jan Naudé, uitvoerende hoof van BloodStock Suid-Afrika, sê die totale verkope was 10% laer op R141 miljoen teenoor R156,8 miljoen verlede jaar.

"Ons skryf die verswakking toe aan die ekonomiese toestande, maar dis baie beter as die op oorsese veilings behaal sind. Daar is die totale verkope 30% tot 40% laer. Ek sou dankbaar gewees het as ons 20% laer was, en is regtig verbaas dis net 10%."

Die gemiddelde prys per vul op die veiling, wat by die Sibaya Casino by Umhlanga Rocks gehou is, was R81 000 teenoor R97 000 verlede jaar.

Sowat 300 vullens is op die veilingskatalogus aangebied.

Die topverkoper oor die twee dae was 'n ingevoerde Australiese vul, 07La Faverita, wat deur die Burwell Stud vir R290 000 aan 'n private koper, mnr. G.M. Kotzen, van die hand gesit is. – Letitia Watson

Oornames krimp in Bric-lande

Samesmeltings en verkrygings in die Bric-lande het in die eerste helfte van vanjaar skerp gedaal vergeleke met 'n jaar gelede.

'n Verslag van die inligtingsdiens Mergermarkets het bevind dat Brasilië, Rusland, Indië en China in die eerste helfte van vanjaar 519 transaksies ter waarde van $162,5 miljard aangemeld het.

Dit is 31% en 41% minder in getal en waarde as 'n jaar gelede se transaksies.

Van die tien grootste transaksies in die eerste helfte in dié lande is sewe in die energiesektor, mynwese en onderhutsmaatskappye.

Sakekalender

Woensdag, 15 Julie:
■ ENB se elendomsbarometer.
■ Statistieke Suid-Afrika (SSA) se kleinhandelverkopedata vir Mei.

Donderdag, 16 Julie:
■ SSA se motorverkope-data vir Mei.

Saterdag, 18 Julie:
■ Nedbank oorhandig Property Professional-toekennings in Hermanus.

Vandaagse vraag

Wat dink jy van koolsuurgas-opvang-en-berging?

1. Dit is een manier om aardverhitting te keer.
2. Dit is nie ekonomies lewensvatbaar nie.
3. Dit hoort in wetenskapfiksiefilms

Stem op *Sake24* se webwerf, www.sake24.com.

Oor-met-Ivor-vraag

Wat dink jy van die regering se uitsprake oor Anglo American te voorsitter?

1. Hy moet sy neus uit die private sektor hou — 80%
2. Anglo is nie meer 'n SA maatskappy nie — 19%
3. Cyril Ramaphosa is 'n goeie keuse — 1%

www.sake24.com



Distell, op drie na die grootste brandewyn-produsent ter wêreld, het dié 19de-eeuse chateau in die hartjie van Cognac in Frankryk gekoop vir sowat R35 miljoen. Dit gaan dien as nuwe tuiste vir die Bisquit-handelsmerk wat die maatskappy in Maart van Pernod Ricard gekoop het. Bisquit is in 1819 deur die konjakpioniER Alexandre Bisquit begin en het vir byna 150 jaar in besit van die Bisquit-familie gebly. Dit het sterk teenwoordigheid in dele van Wes- en Oos-Europa soos België, Luxemburg, Switserland, Frankryk en Duitsland, asook in Rusland, China en in die internasionale reisbedryf. Chateau Bisquit, soos die eiendom gedoop gaan word, het tot onlangs aan die Skotse maatskappy William Grant & Sons behoort. Distell gaan nou die produksie van dié konjak hierheen verskuif, aangesien die perseel strategies geleë is en oor omvattende verswyding- en botteleringsgeriewe beskik.

Vrae gekeer oor politici en Landbank

Hangende ondersoek die rede

Jean-Marie de Waal, Kaapstad

Mnr. Nhlanhla Nene, adjunkminister van finansies, het by die parlementêre portefeuljekomitee oor landbou gepleit om die nuwe uitvoerende hoof van die Landbank, mnr. Phakamani Hadebe, "politieke beskerming" te gee sodat hy nie hoef te sê of hy weet van enige hooggeplaaste politiek wat by ongerymdhede betrokke was nie.

Dit kom ondanks druk verlede week van komiteelede om te weet of enige politieke leiers of lede van die vorige direksie voordeel uit leninge van die Landbank getrek het.

"Dit is nie behoorlik om dit in die stadium te sê nie (omdat die ondersoeke hangend is)," het Nene tydens Hadebe se verskyning voor die komitee gesê. Nene het Hadebe vinnig kortgeknip wanneer hy na die politieke kwessies van die ondersoeke verwys het.

Vier groot forensiese ondersoeke na ongerymdhede in die Landbank sloer weens onder meer die ontbinding van die ondersoekeenheid, die Skerpioene, en die totstandkoming van die Valke.

Hadebe is grootliks verantwoordelik vir die skoonmaakproses wat die afgelope jaar by die bank ingestel is. Hadebe het gesê verdere werk moet nog oor die forensiese verslae gedoen word.

Twee van die ondersoeke is tans by die Valke en een by die nasionale vervolgingsgesag. Die ondersoeke behels beweerde korrupsie rakende leninge buite die bank se mandaat (grond vir ontwikkelingsfinansiering), beweerde IT-stelselbedrog en die beweerde kleinboerkredietskema-bedrog van meer as R1 miljard.

Die vierde ondersoek handel oor beweerde bedrog by die AgriSEB-fonds.

Die amptenare van die Landbank wat verlede week voor die komitee verskyn het, was meestal nuut aangestel. Hoëspan van die bank is reeds weg – minstens 10 amptenare is weens bedrog en nalatige besteding afgedank. Hadebe het gesê geen ander ongerymdhede vind by die bank plaas nie.

Wat die ondersoek na die finansiering vir grond buite die bank se mandaat ter waarde van R570 miljoen betref, het Hadebe gesê die polisie se middele is nou te beperk om voldoende aandag hieraan te skenk.

Die direkteur-generaal van die departement van landbou, mr. Njabulo Ndull, ondersoek die AgriSEB-saak.

Die forensiese verslag oor die IT-stelsel wat R145 miljoen behels is by die Valke. Die ondersoek na beweerde kleinboerkredietskema-bedrog is byna afgehandel. Dit het meestal in Limpopo plaasgevind.

Die verslag van private speurders wat die Landbank ingebring het om met ondersoeke te help is afgehandel en die direksie sal nou daarna kyk.

Terugslae met Eskom maak kragbeleggers kopsku vir SA

Francois Williams, Kaapstad

Die herhaalde terugslae wat onafhanklike kragprodusente al in Suid-Afrika beleef het in 'n poging om 'n kragkoopooreenkoms met Eskom te sluit, beteken Suid-Afrika het beperkte geloofwaardigheid onder internasionale beleggers in die kragsektor.

Sê sê mnr. Paul Eardley-Taylor, hoof van energie, nutsmaatskappye en infrastruktuur by Standard Bank. Die gebrekkige geloofwaardigheid kan 'n impak hê op nuwe investeerders se aptyt vir hernieubare-energieprojekte wat vir invoertariewe kwalifiseer totdat 'n bewese transaksiegeskiedenis opgebou is.

Voorbeelde van terugslae is die Londen-genoteerde Ipsa wat nou nog sukkel om 'n kragkoopooreenkoms met Eskom te sluit vir 'n steenkoolkragstasie in die Oos-Kaap, die vertragings in die sluit van kragkoopooreenkonste met onafhanklike kragprodusente ingevolge Eskom se program vir grootmaatkrag en die onvermoë van die ontwikkelaars van die Minsmabula-steenkoolkragstasie in Botswana om met Eskom 'n kragkoopooreenkoms te sluit.

Eardley-Taylor het by die Africa Energy Week die vooruitsigte vir die invoertariewe vir hernieubare energie besprek en gesê onsekerhede bestaan nog oor die verkrygingsproses, hoeveel megawatt se hernieubare bronne gesoek word, wat die bepalings en voorwaardes van die kragkoopooreenkomste sal wees en wie vir netwerkaansluitings verantwoordelikheid moet aanvaar. Gegewe ervaring tot dusver sal dié onsekerhede nie vanjaar al uitgeklaar wees nie, meen hy.

Invoertariewe vir hernieubare energie is verreweg die gewildste manier om hernieubare energie te bevorder. Teen 2007 het 25 lande al invoertariewe gehad. Dit is 'n deursigtige stelsel omdat die koste van hernieubare energie duideliek is – die vlak van die invoertariewe minus die heersende elektrisiteitsprys se.

Tans is die invoertarief vir wind R1,24 per kWh en Eskom se prys is 33c per kWh, sê Eardly-Taylor. Gegewe Eskom se kapitaalbehoeftes en as aanvaar word dat kragpryse jaarliks teen 25% styg en teenwoordig werklike kragopwekkingskoste sal weerspieel, kan Eskom se prys teen 2015 reeds by R1,26 per kWh wees. As invoertariewe teen die heersende inflasiekoers styg, sal die verskil tussen die tariewe jaarliks krimp, sê hy.

Plaaslike hernieubare-energieprojekte trek volgens Eardly-Taylor voordeel daaruit dat hulle te midde van internasionale finansieringstekorte klein genoeg is om in rand deur plaaslike banke gefinansier te word – wat nie sowel aan die internasionale risiko's bloodgestel is nie.

SA het inspuitplan om klimaat se verandering teen te werk

Francois Williams, Kaapstad

Suid-Afrika beplan om teen 2016 'n eksperiment te doen waar koolsuurgas in ondergrondse rotslae ingespuit gaan word as deel van die land se koolsuurgas-opvang-en-bergingstrategie.

Die eerste kommersiële demonstrasie-aanleg word vir 2020 beoog, afhangend van die uitslag van die inspuiting-eksperiment.

Koolsuurgas-opvang-en-berging (CCS) is een van die voorgestelde tegnologiee om klimaatsverandering teen te werk deur koolsuurgas by die bron (bv. 'n steenkoolkragstasie of fabriek) op te vang, dit saam te pers en dan na 'n ondergrondse bergplek te vervoer sodat dit nie in die atmosfeer vrygestel word en tot aardverhitting bydra nie.

Mnr. Muzi Mkhize, hoofdirekteur vir koolwaterstowwe by die departement van energie, sê 'n CCS-atlas word opgestel om potensiële geskikte bergplek vir koolsuurgas in Suid-Afrika te identifiseer. Instellings soos Sasol, Eskom, Anglo Coal en die Raad op Geowetenskappe werk daaraan. Die eerste verslag oor die atlas word in Maart volgende jaar verwag en teen middel volgende jaar word 'n meer gedetailleerde weergawe verwag.

Mkhize sê daar is nog baie werk voor om tegnologiee vir die opvang, vervoer en berging van koolsuurgas te ontwikkel, asook die monitering van die gas wanneer dit geberg is.

Sedert 1996 word reeds 1 miljoen ton koolsuurgas per jaar in die Sleipner-veld in die Noordsee 1 000 m onder die seebodem ingepomp, sê Mkhize.

Mnr. Lodewijk Nell, sake-ontwikkelingsbestuurder van die Nederlandse tegnologiemaatskappy TNO, sê CCS is tans nog te duur en die publiek is besorg oor veiligheid, hoewel die risiko's tegnies gesproke laag is. In die bestaande eksperimentele projekte is geen lekkasies nog opgemerk nie. Die opvang en saampers van koolsuurgas kos tans tussen €40 en €60 per ton en sal drasties verlaag moet word.

In Europa word 12 demonstrasieaanlegte vir 2015 beplan en is die doelwit om CCS teen 2020 kommersieel lewensvatbaar te maak. As CCS gebruik kan word vir gevorderde olie-ontginning in die Noordsee, kan dit meer kommersieel lewensvatbaar wees.

Volgens Nell word bereken dat 7 miljard vate olie ekstra uit die Noordsee se uitgeputte ollevelde gehaal kan word deur koolsuurgas in die ou ollereserwes te pomp om sodoende die druk te verhoog.

Mkhize sê in Suid-Afrika is die vervoer van die opgevange gas die uitdaging as rotsformasies naby die grootste bronne van koolsuurgas nie geskik is vir berging nie.

www.sake24.com